MY LOOPBAAN AS VERKENNER

Doel

Om aan jou die pad wat jy as Verkenner in die Voortrekkers stap te wys.

Uitkoms

Maak as span 'n uitbeelding, bou 'n padkaart, doen 'n liedjie of vertel 'n storie van julle roete as Verkenners en alles wat julle langs die pad gaan gebruik of nodig het om dit suksesvol te voltooi

Doenwenke

- Gebruik enige hulpmiddel wat naby jou is, byvoorbeeld papier, potlode, klei, enigiets wat kleur kan gee
- Gebruik al jou sintuie sien, hoor, voel, ruik, proe
- Trek elkeen in julle span by om iets by te dra
- Vra vir jou offisier hoe hy/sy die pad vir julle as span verstaan
- Maak seker almal verstaan die groot prentjie en elkeen kan dit ook verduidelik
- As daar iets in die handleiding is wat jy nie verstaan nie of nie alles vir jou sê nie, vra een van die ervare offisiere meer daaroor
- Bronne van inligting:
  Jou offisier
  Kommandosekretaris
  Kommandoleier
  Oordleier
  Adjunk Gebiedsleier
  Gebiedskantoor
  Die Voortrekkers se webblad

Slaggate

- As daar sommige van jou maats is wat nie die pad so goed verstaan nie
- As julle nie verstaan hoe elkeen van die stappe inpas by Voortrekkerwees nie
- As julle nie kan sing, teken, praat of iets kan doen nie

Ons is baie bly dat jy besluit het om 'n Verkenner te word. Wanneer jy gaan terugkyk na vyf jaar van Verkennertyd, hoop ons dat jy wonderlike herinneringe sal hê.

Die visie van Die Voortrekkers vir 2020 is...
Om die meerderheid van die Afrikanerjeug te mobiliseer om as oortuigde Christen, Afrikaner en landsburger suksesvol te wees.

Wat is ons missie by Die Voortrekkers?

Die missie of rede vir die bestaan van Die Voortrekkers *is: Jong Afrikaners wat 'n verskil maak.*

Die Voortrekkers gaan jou ook toerus om jou leierseienskappe verder te ontwikkel aangesien die missie van 'n Voortrekkerleier is:

Om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God, volk en medemens sodat hulle 'n verskil kan maak.

Sjoe, maar dit is omtrent 'n mondvol gesê. Moenie bekommerd raak nie. So kuier-kuier en speel-speel gaan ons die volgende vyf jaar gestalte gee aan hierdie visie en missie. Die lekker hiervan is dat jy baie goed toegerus gaan word om juis dit na die beste van jou vermoë te doen.
Jy betree nou 'n ander wêreld as jong Afrikaner, maar ook as Suid-Afrikaner en bowenal as Christen. Jy sal murg in jou pype moet hê om die uitdagings wat voorlê die hoof te bied. In die volgende vyf jaar gaan ons saam beplan en saamwerk aan wonderlike uitdagings. Die sukses hiervan gaan grootliks bepaal word deur die tyd en energie wat jy as Verkenner hieraan gaan wy.

Dit is nou jou kans om as Verkenner 'n groter bydrae tot die opbou van jou land te lewer; om in die spore van ons pioniers en voorouers te volg. Dit is nou jou kans om die toekoms *[wat aan jou voete lê]* te oorwin. Jy kan hand aan hand met die Afrikanerjeug en ander kultuurgroepe van ons land saamwerk aan 'n beter toekoms vir almal. Die Voortrekkers is 'n jeugbeweging waar ons ons kultuur beoefen. Die Voortrekkers bied jou die geleentheid om op vele terreine diensbaar te wees. Dit gaan jou meer ervare en bedrewe maak om op verskillende terreine jou God, jou volk en jou land tot diens te wees.

As Verkenner gaan Die Voortrekkers jou die geleentheid gee om nuwe dinge te ervaar, nuwe plekke te besigtig, nuwe vriendskappe te smee, meer avontuur te beleef, jouself beter te verstaan en meer doelgerig te lewe.

Gedurende die volgende vyf jaar is daar verskeie geleenthede wat jy as lid van jou span sal kan benut, maar daar is ook heelwat geleenthede waar jy as Verkenner op jou eie voete sal staan. In hierdie boek is daar inligting wat jy tot jou voordeel kan benut. Maak dus seker dat jy die inhoud van die boek verstaan.

Indien iemand jou aanraai om Die Voortrekkers te los, onthou dat jy hope pret, staptoere, kampe, avontuur, vriendskappe en geleenthede tot ontwikkeling gaan verbeur. As jong Christen-Afrikaner het jy 'n roeping om jou God, jou volk, jou land en jou medemens te dien en jy kan dit nie sommer so laat vaar nie.

In die volgende hoofstukke gaan ons 'n bietjie kyk na watter geleenthede Die Voortrekkers jou in die volgende vyf jaar gaan bied:

Spesialisasies

Om jou Verkennerwerk uit te brei, is daar ook spesialisasies wat jy kan verwerf. Spesifieke temas word gebruik sodat jy effektief in 'n bepaalde rigting kan “spesialiseer“. Die spesialisasies is so saamgestel dat dit:

- jou kennis oor die bepaalde onderwerp uitbrei
- jou spesifieke vaardighede aanleer
- jou gesindheid teenoor die natuur, mense, gebeure, dinge en belewenisse aanspreek
- jou belangstelling prikkel en uitbrei.

Daar is 'n groot verskeidenheid spesialisasies. Sommige kan op gebiedskampe gedoen word en ander is weer so geskryf dat jy dit in spanverband kan doen. Daar is ook spesialisasies wat jy op jou eie kan doen in 'n onderwerp waarin jy belangstel soos byvoorbeeld vliegkuns en rotshengel.

Spesialisasies vir Verkenners is ingedeel onder die volgende hoofde:

- Afrikanerskap
- Burgerskap
- Christenskap
- Algemene Voortrekkerwees

Jaarlikse Verkenneraktiwiteite

Voortrekkers word allerweë beskryf as “lekker”. Hoekom sê Verkenners altyd: “Dit is lekker om 'n Voortrekker te wees?” Dit is Verkenners wie se dagboeke vol Voortrekkeraktiwiteite geskryf is, wat Die Voortrekkers as 'n fees beleef.

Hierdie is van die aktiwiteite waaraan jy kan deelneem:

Spankamp
Jy behoort ten minste een spankamp per jaar by te woon. Dit is egter goed indien jy meer as net een spankamp kan ervaar.

Wat is 'n spankamp?
Dit is 'n kamp, gereël deur die spanoffisier of span, waar ten minste een nag uitgeslaap word en waarvoor 'n program vir ten minste 18 uur uitgewerk is.

Kommandokamp
Jou kommando MOET elke jaar 'n kommandokamp aanbied.

Wat is 'n kommandokamp?
Dit is 'n kamp, gereël deur die kommandodagbestuur, waartydens al die spanne van die kommando teenwoordig is en waar Voortrekkerwerk gedoen word. Daar moet minstens twee nagte uitgeslaap word.

Uitstappies
Daar is verskeie geleenthede waar julle as kommando, jou span of selfs julle as Verkennerraad [ons sal die konsep van 'n Verkennerraad later in die boek volledig beskryf] reël om iets saam te gaan doen. Hierdie uitstappie gaan julle meer blootstelling gee aan verskillende aspekte van die lewe om sodoende julle kennis en vaardighede verder uit te brei.

Gebiedskamp
Verkieslik moet jy elke jaar by minstens een gebiedskamp uitkom om sodoende jou totale menswees verder te ontwikkel. Êrens in die land is daar tydens elke skoolvakansie 'n Voortrekkerkamp. Jy is welkom om ook ander gebiede se kampe by te woon. Vir inligting gaan na www.voortrekkers.org.za

Wat is 'n gebiedskamp?
Dit is 'n kamp gereël deur die betrokke gebied en moet ten minste 5 dae duur. Die betrokke kamp moet 'n erkende Gebiedskamp wees.

Verkennerkonferensie
Elke jaar word daar binne jou gebied en op nasionale vlak verskeie Verkennerkonferensies aangebied. Hierdie is geleenthede waar jy as Verkenner jou saak kan stel ten opsigte van verskeie aangeleenthede binne sowel as buite Die Voortrekkers. Hierdie konferensies bied aan jou die geleentheid om jou leierskappotensiaal optimaal te ontwikkel en te gebruik tot voordeel van ander mense.

Edulandprojek
Die Edulandprojek is 'n baie spesiale geleentheid wat aan jou gebied word wanneer jy in graad 8 as Groenkop-verkenner begin. Die projek is 'n multikulturele program vir leierskapsontwikkeling waar jong leiers geleer word om 'n verskil in Suid-Afrika te maak, onder andere deur verskeie gemeenskapsprojekte te inisieer. Daar is 'n streng keuringsproses waarby jy betrokke gaan wees, maar die geleenthede wat jy gaan kry, indien jy gekeur sou word, is absoluut ongelooflik. Indien jy belangstel, maak seker dat jy alle inligting by jou kommandosekretaris kry. Vir meer inligting gaan besoek Die Voortrekkers se webblad by www.voortrekkers.org.za of skakel met jou betrokke gebied se Adjunk-Gebiedsleier Verkennersake.

ABC-erkenningstelsel tot my voordeel

Wat is die ABC erkenningstelsel?

Dit is 'n erkenningstelsel wat jou in staat stel om punte te versamel wat elke jaar oorgedra word en terselfdertyd help dit jou om al die nodige vereistes en nog meer af te handel om uiteindelik te kwalifiseer vir toelating tot Presidentverkenner.

Dit is 'n erkenningstelsel waar jy tot jou eie voordeel werk.

Jy verdien punte vir deelname aan:
- Spanbyeenkomste
- Kommando-aktiwiteite
- Oord- en Gebiedsaktiwiteite
- Spesialisasies wat jy suksesvol afhandel
- Werwing van nuwe lede

Jy het 'n potensiële, totale punt van 110 per jaar wat jy kan behaal. Jy het egter net 70 punte nodig om na 'n volgende vlak bevorder te word.

Hier volg 'n uiteensetting van die vlakke en die kwalifiserende punt vir elke vlak:

TOEKENNING	MINIMUM VEREISTE PUNTE VIR DIE VERWERWING VAN ELKE TOEKENNING	VLAKKE
Oranje	70	1
Groen	140	2
Blou	210	3
Silwer-Wit	280	4
Silwer-Oranje	350	5
Silwer-Groen	420	6
Silwer-Blou	490	7
Silwer-Rooi	560	8
Silwer-Silwer	630	9
Silwer-Goud	700	10
Goud-Wit	770	11
Goud-Oranje	840	12
Goud-Groen	910	13
Goud-Blou	980	14
Goud-Rooi	1050	15
Goud-Silwer	1120	16
Dubbel-Goud	1190	17

Hou Koers my spreekbuis

Die Hou Koers is die lyfblad van Die Voortrekkers en word twee keer per jaar uitgegee aan lede van Die Voortrekkers. Hierdie “tydskrif” word saamgestel uit inligting wat deur lede van Die Voortrekkers aan die redakteur gestuur word. Dit sluit in berigte, foto's of enige ander interessante inligting wat jy met ander wil deel.

Maak dus gebruik van die geleentheid om te spog met jou span, jou kommando, jou oord of dalk prettige aktiwiteite wat jy by 'n gebiedskamp gedoen het. Jy kan ook jou standpunt oor 'n saak stel. Moenie wag dat ander iets skryf nie, neem jy die leiding as positiewe jong Voortrekker.

Presidentverkenner

Daar word elke jaar 'n Presidentverkenner Prospektus uitgegee wat presies vir jou Verduidelik wat van jou as Presidentverkennerkandidaat verwag word.

Wat is ons einddoel met Presidentverkenner?

Om vir jou die geleentheid te gee om te bewys dat jy as jong leier moderne Afrikanerskap, positiewe Burgerskap en konsekwente Christenskap uitleef en die vermoë demonstreer om ander te beïnvloed om ook 'n positiewe verskil te maak.

Gryp die lewe!

Die laaste afdeling in die Verkennerlewe, “Gryp die lewe”, het baie waardevolle inligting wat gebruik kan word ter voorbereiding van die Presidentverkennertoetsing, maar veral om jou voor te berei vir die lewe na skool.